



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Saakgelastigde:

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Ds AH Minnaar

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

021 957 7104
bossie@kaapkerk.co.za
www.kaapkerkadmin.co.za

26 Maart 2020

Verlof gedurende die COVID-19 inperktyd

Ons kry heelwat navrae oor die “verpligte” verlof tydens die nasionale inperking. Hiermee ’n riglyn vir kerkrade wat hiermee worstel. Die personeelbeleid van die personeel in diens van die NG Kerk in SA (Wes-Kaapland) spreek die aangeleentheid baie duidelik as volg aan:

ANDER VERLOF/SPEZIALE VERLOF

Werknemers kwalifiseer vir spesiale verlof: Wanneer ’n personeellid weens afsondering as gevolg van kontak met ’n aansteeklike siekte in ooreenstemming met die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (Wet 130 van 1993), soos gewysig, of kragtens ’n geneeskundige opdrag, afwesig is.

Hierdie is ook ons aanbeveling vir gemeentes en kerkrade om die verlof, neé afwesigheid, gedurende die COVID-19 inperktyd te hanteer.

ONS MOTIVEER GRAAG AS VOLG:

1. Aangesien die inperkingsbevel nie iets is waarvoor werknemers, insluitend predikante, beheer het nie, is die mening dat dit onbillik sal wees om van werknemers te verwag om vakansieverlof te neem en daarna, indien nodig, verlof sonder enige betaling.
2. Werkgewers word ook herinner dat dit van hul verwag word om ’n veilige werksplek en -omgewing vir werknemers daar te stel. Met die uitbreek van COVID-19 is dit tans nie moontlik om ’n veilige werksomgewing daar te stel en/of te waarborg nie. Daarom die praktykreëling om die werkplek ter wille van die voortsetting van ons dienslewering, met die woonplek te ruil.
3. Ons is bewus van enkele instansies wat hul werknemers nou laat verlof teken en selfs ander wat die beginsel van “geen werk-geen betaling” toepas.
4. Dit is, so reken ons, nie wenslik om in hierdie krisistyd die gemeente se werknemers (insluitend predikante, kantoorpersoneel of skoonmakers) te penaliseer vir iets wat buite hul beheer is nie. Die werkgewer-werknemer verhouding, veral tydens en na COVID-19, moet deurentyd gekoester word. Hou die kommunikasiekanale deur middel van gesprek oop. Konsensus moet nagestreef word.
5. Ons is oortuig dat juis die kerk se karakter en etiek ook hier getoets word.
6. Die predikant gaan in effek nog méér vir lidmate beskikbaar wees, hetsy telefonies, per e-pos of welke wyse.
7. Die kerk van Christus behoort die leier te wees om ’n voorbeeld daar te stel – juis in hierdie krisisuur.
8. Baie instansies, insluitend die sinode se personeel, is gerat om vanuit hul wonings steeds hul kliënte (gemeentes, kerkrade en predikante) te diens. (Dieselfde praktyk behoort ook by gemeentes van toepassing te wees.)

Kenny Raats

BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE